Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellstr Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

'n VERWELKOMINGSWOORD

Dit is vir ons as skool aangenaam om jou as voornemende Swarrie te verwelkom.

Ons as Swarries kom uit 'n Rotsvas verlede en bly Koersvas die toekoms in.

'n Swarrie se Visie is om 'n gelukkige en trotse skoolgemeenskap te wees.

Ons streef daarna om in harmonie elke kind se volle potensiaal te ontwikkel sodat hulle die toekoms rotsvas en koersvas kan betree.

Gryp elke geleentheid aan wat die skool jou bied, hetsy dit op akademie, leierskap, sport- of kultuurgebied is.

Ons nooi jou uit om deel te word van die dinamiese skool met entoesiastiese onderwysers, ouers en kinders. Saam kan ons 'n ware wenspan wees.

Baie welkom.

Mnr Munnik van der Merwe
Skoolhoof

Laerskool Swartkop

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL 1A: ONDERNEMING DEUR LEERDER

Ek verbind my daartoe om:

- die gedragskode en al die reëls van Laerskool Swartkop getrou na te kom;
- verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam op te tree;
- my skoolwerk ywerig en pligsgetrou te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerders en besoekers te betoon.

Ek onderwerp my aan die skool se dissiplinêre maatreëls indien ek nie die gedragskode en reëls nakom nie.

DEEL 1 B: ONDERNEMING DEUR OUER(S)

Ek/Ons onderskryf die gedragskode en reëls van Laerskool Swartkop. Ek/Ons onderneem om my/ons kind(ers) te ondersteun in die nakoming van hierdie gedragskode en reëls.

LEERDER SE NAAM EN VAN:_____ DATUM: / /20

OUER SE NAAM EN VAN: _____

OUER SE HANDTEKENING: _____

OPNAME: BEOEFENING VAN GODSDIENS

Die skool se godsdiensbeleid bevestig leerders se vryheid van godsdiensoortuiging en -beoefening.

Die aard van godsdiensbeoefening word deur ‘n skool se Skoolbeheerliggaam bepaal en is ‘n weerspieëling van die meerderheidswens van die skoolgemeenskap.

Ten einde sinvol prakties uitvoering te gee aan bogenoemde beleid, word u versoek om die skool van inligting te voorsien soos op die onderstaande terugvoerstrokie aangedui.

TERUGVOERSTROKIE: GODSDIENSBEOEFENING
Merk asb. die toepaslike blokkie.

☐ My kind verkies om aan aktiwiteite van Christelike aard* deel te neem.

☐ My kind verkies om NIE aan aktiwiteite van Christelike aard* deel te neem nie.

* Soos: Opening en/of afsluiting met skriflesing en/of gebed (bv. begin en einde van skooldag, funksies soos atletiek of prysuitdeling), saalopening en –afsluiting (begin en einde van skoolkwartaal, weekliks), gewyde sang, Paasfeesprogram, Hemelvaartdiens, VCSV.

Kind se naam en van: _____ Gr. en klas: _____

Ouer/Voog se naam en van: _____ Kontaknr: _____

Ouer/voog se handtekening: _____ Datum: / /20_____

TOESTEMMING
Laerskool Swartkop Sosiale Media Platforms

Geagte ouers

Die skool het ‘n amptelike Facebook wat geadministreer word deur persone wat by die skool betrokke is en deur die skool aangewys is.

Die doel van hierdie skrywe is om vas te stel of u as wettige ouer/voog toestemming verleen dat skoolverwante foto’s van u kind, asook tersaaklike inligting (byvoorbeeld sportspan of prestasie) op ons sosiale media platforms mag verskyn. Die skool sal waak teen die publiseer van persoonlike data soos adresse, telefoonnommers en e-pos adresse.

Indien u nie toestemming verleen nie, moet u kind ook daarvan kennis dra sodat hy/sy die betrokke onderwyser of fotograaf kan inlig.

Voltooi asseblief die terugvoerstrokie volledig in pen. Navrae kan per e-pos gerig word aan me. M Bäcker (bemarker@laerskoolswartkop.co.za).

Vriendelike groete.

Mnr M van der Merwe
Skoolhoof

TERUGVOERSTROKIE: Sosiale Media VIR AANDAG: REGISTERONDERWYSER

Ek neem kennis van die omsendskrywe rakende aspekte rondom sosiale media.

Merk die toepaslike blokkie met ‘n X:

☐ Hiermee **VERLEEN** ek, wettige ouer/voog van my kind, toestemming dat skoolverwante foto’s van media platforms mag verskyn.

☐ Hiermee **WEIER** ek, wettige ouer/voog van my kind, toestemming dat skoolverwante foto’s van my kind, asook tersaaklike inligting (byvoorbeeld sportspan of prestasie) op ons skool se sosiale media platforms mag verskyn.

Kind se naam en van: _____ Graad en klas: _____

Ouer se naam en van: _____

Kontaknommer van ouer: _____

Ouer se handtekening: _____

Datum: _____